

Pinksterboodskap: 29 Mei 2020

Fokusteks: Openbaring 3:14-22

Dalk moet ons weer 'n slag dink aan die gebruik wat ons het om na 'n preek of gebed te eindig met die woord "Amen." Dit is 'n Hebreeuse woord wat die volgende betekenis kan hê: *Laat dit so wees / ek stem saam / dit is vas en seker*. Daarmee sê ons dat die gebed wat ons gebid het opreg bedoel is, en dat die Here dit op sy volmaakte manier sal antwoord. Dit het dus baie met absolute oorgawe en vertroue in die Here te doen. As my gebed sommer maar net 'n gewoonte is, of dalk onnadenkend en met twyfel gebid word, beteken die "Amen" aan die einde daarvan eintlik niks. Want daar is geen vertroue nie.

Die gemeente in Laodisea het sekerlik gereeld die woord "Amen" in hul byeenkomste en gebede gebruik, maar of hulle dit werklik as 'n uitdrukking van vertroue in die Here gedoen het, is 'n goeie vraag...

Wat weet ons van hierdie stad? Laodisea was ongetwyfeld die rykste stad in die streek. 'n Uitsers welvarende handelstad vanweë die handelsroetes wat dit deurkruis het. Geld was nie 'n probleem nie. Net om dit in perspektief te stel; as stede of lande ernstige finansiële skade ly weens storms, brande of 'n pandemie, soos wat ons nou ervaar, gaan soek regerings hulp by internasionale hulpfondse. Ons eie regering moes ook daarvoor aansoek doen in hierdie tyd. Nie Laodisea nie, hulle kan self regkom. Ongeveer dertig jaar voor hierdie brief by hulle aangekom het, was daar 'n groot aardbewing in die streek, en Laodisea was die enigste stad wat nie vir staatshulp gevra het nie. Hulle het genoeg middele gehad om self hul stad te herstel.

Verder was daar 'n mediese sentrum waar oogsalf vervaardig is wat baie effektief was vir swaksiendes en mense met oogsiektes. Hulle was ook bekend vir hul baie goeie kwaliteit klere-produkte. Dit is vervaardig van 'n swart, syagtige wol. Ek kan my voorstel hoeveel modehuise daar was. Die stad het eenvoudig geen tekort gehad nie. Van alles was daar genoeg, behalwe een belangrike ding waarsonder mens en dier nie kan bestaan nie, naamlik genoeg waterbronne. Hulle was afhanklik van 'n warmwaterbron ongeveer 10km van die stad. Daar is kanale aangelê om die water tot in die stad te bring, maar teen die tyd dat die water by die stad aangekom het, was dit lou en beslis nie aangenaam om te drink nie.

Jesus verwys na die lou water wanneer Hy met die gemeente praat. Dit is die eerste klag teen hulle, dat hulle in toewyding en aanbidding lou geword het. 'n Gebrek aan oorgawe en volharding in die geloof. Dit is nie asof daar geen aanbidding was nie, maar dit was halfhartig, besluiteloos en sonder passie vir die Here. Die gemeentelede het hierdie beeld van die lou water goed verstaan. Dit was so sleg dat dit jou naeremaak het. Jy wil dit uitspoeg. Dis asof die gemeente net nie kon besluit watter pad hulle moes volg nie. Die materiële en gemaklike weg van die stad of die weg van God se Woord. Met 'n besluitelose mens kan jy niks uitrig nie. Met warm water kan jy iets doen en met koue water kan jy iets doen, maar lou water is onbruikbaar en smaakloos. Dit kan maar weggegooi word. Daarom sê Jesus dat Hy hulle uit sy mond sal spoeg. Een skrifverklaarder maak die opmerking dat Jesus as't ware vir hulle sê: *Julle maak my siek!* Voorwaar 'n verskriklike kras woord. 'n Mens kan net wonder of hulle ooit getrou aan hulle getuigenis was. In plaas daarvan dat hulle die stad beïnvloed het met die evangelie, het die stad se welvaarts-kultuur hulle beïnvloed. Hulle het soos die stad geword.

Die ergste aanklag is egter dat hulle nie agterkom dat hulle op die verkeerde pad is nie. Hulle besef dit nie omdat hulle hulle verbeel dat alles reg is. v.17 "*...julle weet nie dat julle ellendig en beklagenswaardig is nie...*" Hulle dink hulle is ryk, terwyl hulle in geestelike armoede verval het. Hulle spog met hulle oogsalf wat hulle oë kan genees, maar is blind vir die evangelie en sien nie raak wat besig is om met hulle te gebeur nie. Hulle pronk in hul duur klere, maar Jesus sê hulle is eintlik naak. Hulle dink hulle het alles, maar in die oë van die Here is hulle arm, blind en kaal.

Daarom kom die uitnodiging tot hierdie gemeente om terug te keer na die Hom, terug te keer na sy Woord. Kom koop by My goud, dis deur vuur gelouter en baie meer werd as die goud van die stad. Kom koop wit klere, dit verteenwoordig reinheid, volkome toewyding en oorwinning. Die klere van die modehuise kan nie dieselfde waarborg gee nie. Kom koop my oogsalf, sodat julle waarlik kan sien wie God is en wie julle is, en hoe julle weer bruikbaar in die koninkryk kan wees.

In v.19 sien ons die liefdeshart van die Here - *Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet*. God het sy gemeentes lief en sal hulle nie laat los nie. Hy gee vir hulle om en roep sy kinders tot bekering. Iewers langs die pad het hulle Jesus verloor, en hulle kom dit nie agter nie. Dit kan nie reggemaak of reg geleef word deur nog meer kerkaktiwiteite in te stel nie. Nog meer projekte en nog meer eredienste en beter sang nie. Bekering het niks te doen met harder probeer om warmer te word nie. Ware kerkwees gaan nie oor godsdienstige aktiwiteite nie, maar oor 'n diep en egte verhouding met Jesus. Die geestelike herstel begin altyd by Christus.

Die gemeente word verras met die feit dat die Here nie in hulle midde is nie - hulle het Hom uitgeskuif. Daar is 'n toe deur tussen hulle en God. Hy is aan die buitekant. As die Here nie meer vir hierdie gemeente omgee het nie, sou Hy nie by die deur staan en klop nie. Hy wil naby en tussen hulle wees. Hy nooi hulle uit om oop te maak en Hom met volle oorgawe te dien. Hy is die "Amen," soos Hy Homself in die begin van die brief bekend stel. Met ander woorde, Hy is hulle vastigheid, Hy is hulle sekerheid. Nie die rykdom wat die stad aanbied nie. Hulle sal mooi moet luister na die klop van Jesus aan die deur. Nooi Hom in en maak Hom die *Amen*, die vaste sekerheid in jou lewe.

Dit kan net gebeur as ons meer tyd met Jesus spandeer. Ons dink soms aan Hom, Hy dink heeltyd aan ons. Hy sál inkom, Hy wíl inkom. As die Here inkom, is daar 'n feesmaaltyd. Dit laat mens onwillekeurig aan die Nagmaal dink. Die Here het Homself volledig vir ons gegee. Ons moet Hom ook volledig dien, van harte. Nie net met ons lippe nie, maar ook met die dinge wat ons besit. Alles wat ons ontvang kom van Hom.

Wie of wat is jou "Amen?" Jesus sê in v.14 dat Hy die *Amen* is, *die geloofwaardige en ware getuie*. Jy kan Hom vertrou met alles wat in jou is. Wees getrou, volhard in die geloof. En luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Gebed

Here, ek het vandag na u Woord geluister.

Ek bely dat ek dikwels lou is in my toewyding aan U.

Ek bely my geestelike armoede en my blindheid.

Help my om nie op wêreldse rykdom te vertrou nie,
maar alleen op Jesus, my Verlosser.

Kom in, Here, elke dag.

Ek wil graag hê dat U saam met my die feesmaal hou.

Dankie dat U my liefhet.

Amen